Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Januarie/Februarie 2012



Gelowige gesinne in gesprek

Lees binne...

- **Bid dat die reën sal kom** – 1
- **Krisis dui op gevaar en geleentheid** – 2
- **Maak hulle dissipels van Jesus** – 3
- **Die Hervormde middelgrond** – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Bid dat die reën sal kom (Ds Danie van der Watt)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
  Krisis dui op gevaar en geleentheid
- Bl 3 **Aktuele sake**
  Maak hulle dissipels van Jesus (Dr Christo van der Merwe)
  Kerkwees in Christus se voetspore (Dr Wouter van Wyk)
- Ble 4-5 **Kerkwerf**
  ADV onder nuwe leiding
  Nuwe bestuurder vir Kinderhuise
  Eer vir professor
  Beroepe aanvaar
  My pa, prof Theuns Dreyer... (Ds Anet Dreyer-Krüger)
  Emerituspredikant oorlede
  ATKV beloon Hervormer
- Bl 6 **Gespreksforum**
  Die Hervormde middelgrond – 'n eties-dialektiese perspektief (Dr Johann Beukes)
  Dankie vir die liefde (Mev Dibbie Botha)
- Bl 7 **Kerk en wêreld**
  Gereformeerde Sinode (Ds Leon Geel)
  Bekende akademikus oorlede
- Agterblad **Oordenking**
  God eis gehoorsaamheid (Ds Flip Snyders)

Krisis dui op gevaar en geleentheid

Dr André Ungerer, redakteur, skryf: In Japannees bestaan die karakter vir die begrip *krisis* skynbaar uit twee karakters, naamlik *gevaar* en *geleentheid*. Dit is hierdie begrippe wat die weg baan vir 'n blik op die situasie in die Hervormde Kerk.

Wanneer 'n mens oor die geskiedenis terugkyk, blyk dit dat die kerk dikwels krisistye beleef het. Dit wil byna voorkom of krisisse uiteindelik die beste in die kerk na vore gebring het. Diegene midde-in die krisis moes worstel met die gebeure en het waarskynlik gesukkel om sin uit alles te maak. Eers later, soms eeue na die betrokke tydperk, het ander die voorreg om sin uit die gebeure te konstrueer.

Hoofstroomkerke wêreldwyd beleef 'n krisis met dalende lidmaatgetalle as die duidelikste teken daarvan. Die Hervormde Kerk is hierdie krisis nie gespaar nie. Die 2011-sensus toon dat die belydende lidmaattal vir die eerste keer in dekades weer onder 100 000 staan. Ons het 'n kwynende Kerk geword en daar kan sekerlik baie redes daarvoor aangevoer word.

Dit blyk verder dat die kerk se invloed op die Westerse samelewing drasties getaan het. Die sewe dominante sfere van beïnvloeding in die Westerse samelewing is rolprente, musiek, televisie, boeke, die internet, die reg en die familie. Die tweede reeks entiteite wat die samelewing beïnvloed, bestaan uit entiteite soos skool, portuurgroep, nuusblaaie, die media en die besigheidswêreld. Dit wil voorkom of die kerk in die Westerse wêreld haar greep op die samelewing verloor het en bloedweinig invloed meer uitoefen. Dié situasie raak onhoudbaar wanneer 'n Kerk in haarself verskeurd raak en feitlik alle beskikbare energie gebruik om groeperinge in eie geledere te beveg. Die gebeure van 2011 het ons laat huiwer op die randjie van kerkskeuring. Die lyne van verdeeldheid lê nog diep en die gevaarligte flits steeds.

Wanneer krisistye in die Kerk woed, kan tereg gevra word na die betekenis van die gebeure en of iets goeds daaruit kan kom. Dit is te betwyfel of ons in die afsienbare toekoms antwoorde op hierdie vrae sal kry. Dit is eerder geskiedskrywers in die onafsienbare toekoms wat die voorreg sal hê om betekenisse te koppel aan die gebeure en te oordeel of daar wel iets goeds na vore gekom het.

Intussen doen ons wat voorhande is. Ons kan leer by die vervolgdes van die vroeë kerk. Soos wat hulle uitmekaar gejaag is, het hulle so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig (Hand 8: 4). Ons word weliswaar nie vervolg nie en ons is nie vlugtend nie. Nie in die fisiese sin van die woord nie. Figuurlik gesproke dalk tog? Hoe ook al. Kom ons doen steeds wat van ons as Kerk verwag word. Geleenthede sal bly voordoen, en waar dit ontbreek, moet geleenthede geskep word.

****

Bid dat die reën sal kom

Ds Danie van der Watt neem gesinsbediening onder die loep. In die geruis van die blare en die kreun van die takke van die ou populierboom, en in die dorheid van die grond en die dooie blare wat rondwaai, sien hy iets van ons gesinne en van ons Kerk. Dis reeds somer en die blare van die populierboom laat dit klink asof die see sommer baie naby is. Maar hy is nie, want die skadu van die ou boom val 'n lang en breë streep oor die stukkie Riemland in die ooste van die Vrystaat. En die reën bly steeds weg.

Teen die einde van die Buitengewone Algemene Kerkvergadering in Oktober 2011 is die voorneme uitgespreek om voortaan met ywer en oortuiging toegespits te werk op die gebied van jeug- en gesinsbediening. Daar was algemene instemming daarmee, wat bevestig het dat die nood hieroor inderdaad groot is.

Ons weet wat reg is en wat gedoen moet word. Maar om dit gedoen te kry, is 'n ander saak. Dit word dikwels nagelaat en verwaarloos. Die nood in ons gesinne is groot – nie omdat ons nie weet wat om te doen nie, maar omdat ons nie doen wat ons weet gedoen moet word nie! En dit geld vir ons huise én vir ons gemeentes.

Op 'n gesamentlike vergadering van die Raad vir Gesinsorg en die Werkspan vir Jeugbediening is besluit om nie meer op 'n gefragmenteerde wyse te werk nie. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is daarom versoek om die twee werkgroepe te laat saamsmelt in die Raad vir Gesinsbediening. Ons besef ons kan dit nie meer bekostig om ons werksterreine los van mekaar te sien en te hanteer nie.

Verder is ook besluit om die voorneme wat by die Buitengewone Algemene Kerkvergadering in Oktober 2011 uitgespreek is, naamlik dat ons voortaan met ywer en oortuiging sal werk op die gebied van jeug- en gesinsbediening, nie net by mooi woorde te laat bly nie. Ons wil uitvoering daaraan gee deur die byeenroep van die gesinne van ons Kerk in 'n groot gesinsbyeenkoms op 11 Februarie 2012 in Gemeente Montana. Daartydens, en ook by opvolgende byeenkomste, wil ons dat ons gesinne vanuit hulle leefwêreld en omstandighede sal saampraat oor die uitdagings wat daar is om vandag gelowige gesinne te wees. Ons noem dit die Gelowige Gesinne Gesprek.

Kom ons bid dat die reën sal kom.

****

Die Hervormde middelgrond

Dr Johann Beukes skryf: Dit het (weer) tyd geword vir 'n 'derde opsie' in die lewe en werk van die hoogs verdeelde Hervormde Kerk van die vroeg 21ste eeu. Daar is vandag 'n beduidende aantal Hervormde lidmate – moontlik selfs die meerderheid – wat ernstige voorbehoude het oor die aansprake van albei ekstreme posisies in die eietydse Hervormde Kerk.

Die een posisie, aan die regterkant, word verteenwoordig deur die teologiese konserwatisme en politieke reaksionisme van die *steedsHervormers Konfessionele Bond* (sHKB). Die ander posisie, aan die linkerkant, bestryk kenmerke wat ons met toenemende kommer daartoe bring om 'n progressiewe liberale tendens in die Hervormde Kerk waar te neem. Hierdie kenmerke sluit onder meer in 'n onprofetiese kultuurgemak, politiek-korrekte dienstigheid, 'n konformering aan sekularisme, veral in die verbruikersgelaat daarvan, 'n glibberige humanisme in die gedaante van 'n oordrewe 'missionale' perspektief en, daarmee saam, 'n duidelike neiging na teologiese essensialisme.

Die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van Oktober 2011 het ernstige teologiese verskille wat al vir baie jare in die Hervormde Kerk broei en reeds in die middel 1990's ernstige verdelende afmetings aangeneem het, bloot op 'n spits gedryf. Hierdie vergadering het niks vermag om die polarisasie in die Hervormde Kerk op te hef nie. Trouens, die konflik het verdiep. Daar was die afgelope drie maande geen enkele verteenwoordiger van die sHKB wat met getemperde standpunt deur hierdie vergadering gekom het nie. Hulle is sonder uitsondering diep ongelukkige lidmate van die Hervormde Kerk. Daarteenoor is daar klaarblyklik heelwat leedvermaak by protagoniste van die ander kant.

Vanuit die Hervormde middelgrond was almal tot by en selfs in hierdie vergadering nog stil en geduldig, hoopvol dat die kenmerkend beskeie dimensie van ons teologie en kerkwees sou deurbreek. Daarom het ons tot dusver stilgebly. Ons respekteer, eg-Hervormd, stilte. Tog was daar geen deurbraak nie: teologies en inderdaad ideologies het niks anders by hierdie buitengewone vergadering gebeur as by

die voorafgaande gewone vergadering nie. Dieselfde besluite is bloot ‘met ander woorde’ geneem, wat in die klassieke logika skerp afwysend as ’n ‘vervelige sillogisme’ bekendgestaan het. Die Hervormde Kerk is daarom vandag steeds die verdeelde, siniese Kerk wat dit voor Oktober 2011 was.

Wat kan ons vanuit die Hervormde middelgrond hieraan doen? Wat behoort ons te doen? Die etiese rigting in die Hervormde benadering tot teologiebeoefening kan ons van perspektiewe voorsien wat die Hervormde Kerk uit hierdie greep van knellende opposisies kan laat ontsnap.

Die etiese rigting pleit daarom vir beskeidenheid, iets wat ’n mens vandag in die Hervormde Kerk volledig afwesig vind: trouens, aan die linker- en regterkant is mense wat baie seker is van hulleself en nog sekerder van die geldigheid van al hulle perspektiewe op God, die Bybel, die kerk, die teologie, die Christelike lewe, en so meer. Die etiese rigting eis daarteenoor: dit is altyd tyd vir stilword.

Sowel die sHKB as die liberale rigting verteenwoordig verdelende perspektiewe wat die middelgrond-Hervormers nou geen ander keuse laat nie as om aan te moet dui: Ons gaan nie een van hierdie twee rigtings verder op hulle verdelende weg volg nie. Daar is ’n ander weg, die eties-dialektiese weg. Ons gaan nie weer in die kerklike lewe gedwing word om te konformeer aan een van hierdie twee radikale posisies, terwyl albei vir ons ewe onaanneembaar is nie. Ons gaan voortaan ons eties-dialektiese stem as ’n derde opsie baie duideliker vanuit die middelgrond laat hoor. Sonder die skerper verwoording van hierdie middelstem loop ons die risiko om finaal deur een van die twee vervreemdende posisies na links of na regs ingesluk te word.

****

Ander berigte

Lees oor die **nuwe inisiatiewe** wat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gedurende 2012 loods om konkreet gestalte te gee aan die Kerk se tema *In Christus se voetspore.* Al die verskillende inisiatiewe is daarop gerig om gemeentes en lidmate te ondersteun.

Daar is berigte oor die nuwe sekretaris van die Algemene Kerkvergadering, **ds Gerhard Stoltz**, die nuwe bestuurder van die Kinderhuise, **mnr Otto Viljoen**, eer wat twee professore van die Fakulteit Teologie te beurt geval het, en die afsterwe van emerituspredikant **ds PARC van Wyk**. Lees hoe prof Theuns Dreyer sy dogter, **ds Anet Dreyer-Krüger**, se vrae oor sy aftrede beantwoord het.

Die Hervormer berig ook oor die pas afgelope Tweede Algemene **Sinode** van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, en die afsterwe van **prof Jannie Louw**, lank die hoof van die Departement Grieks aan die Universiteit van Pretoria.